

5 Oktober

Skrifgedeelte: Johannes 9

Fokusgedeelte: Johannes 9:39

Niemand is so blind as hy wat nie wil sien nie

Die openbaring van God se werk in die blindgeborene lok negatiewe reaksie uit. Ons sien dit in die eerste plek wanneer die dissipels by implikasie enige genesing afwys deur na die blinde se sonde te verwys. Dan in die tweede plek, as die bure en die Fariseërs sy genesing ontken en die Fariseërs beweer dat Jesus nie van God af kom nie omdat Hy 'n Sabbatskender is. Laastens sien ons dit in die man se uitbanning uit die sinagoge. Maar God se Raad word nie gekeer nie. Die blinde gaan was sy oë en hy sien. Daarby groei sy bewondering vir Jesus, ten spyte van die haatlike opmerkings van die Fariseërs. Hy bely Jesus eers as die Een wat hom genees het, dan as Profeet en daarna dat Hy van God af kom. As Jesus Homself openbaar, blyk dit dat hy nie net met sy oë kan sien nie, maar ook met sy hart: "Ek glo, Here!" En hy het Hom aanbid. Só bewys Jesus dat Hy die lig vir die wêreld is wat mense voor 'n beslissing stel: Die Fariseërs, wat sê hulle sien, sien nie die lig nie en word geestelik blind terwyl die man wat blind gebore was, siende die koninkryk van God ingelei word.

As u in Christus glo, hoef u nie God se oordeel te vrees nie. U het reeds die ewige lewe. Maar die ongelowiges en al die huigelaars moet weet: Na die dood is daar vir niemand enige bekeringsmoontlikheid meer nie.

Sing: Psalm 33:6

Ds J Venter (Emeritus)